LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 3, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3c2

# J.D. Kestell: Godsdiensoortuigings vir vrede en die voortsetting van die stryd tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog (Anglo-Boereoorlog)

**Pieter Verster**

Pieter Verster, Departement Praktiese en Missionale Teologie,
Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van die Vrystaat

***Opsomming***

Dr. J.D. Kestell word dikwels Vader Kestell genoem omdat hy weens sy besonderse rol as veldprediker gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog (Anglo-Boereoorlog) as vader van sy mense, die Afrikaners van daardie tyd, waarna hier as die Afrikanervolk verwys word, beskou is. Die doel van hierdie artikel is om te bepaal wat dr. J.D. Kestell se oortuigings gedurende die oorlog was; of hy enersyds wel vrede nagejaag het of andersyds die Bybelse begronding vir die voortsetting van die oorlog verskaf het. Die vraag na geregtigheid, wat by hom swaar geweeg het, moet gevra word. Dit beteken dus dat daar hier nie van ’n “heilige oorlog” sprake moet wees nie, maar wel dat geregtigheid moet geskied.

Die teoretiese raamwerk wat in hierdie artikel gebesig word, behels om na beide primêre en sekondêre bronne oor Kestell se bydrae gedurende die oorlog te kyk om te bepaal wat sy oorwegings was. Dit sluit aan by die metodiek om Kestell self aan die woord te stel, maar ook om krities na sy optrede en standpunte te kyk. Sodoende word “heldeverering” afgewys, maar geskied daar ook reg aan die persoon. Die bevindings is dat Kestell geen pasifis was nie, maar dat hy uit die oortuiging van sy hart gebonde aan die Republikeinse ideaal en sy geloofsoortuigings opgetree het. Hy het hom egter nie gekompromitteer deur self aan gevegte deel te neem nie, maar het burgers én Engelse soldate op die slagveld versorg.

**Trefwoorde:** godsdiens; Kestell; oorlog; pasifisme; vrede

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3c2

***Abstract***

**J.D. Kestell: Religious beliefs for peace and the continuation of the struggle during the South African War (Anglo-Boer War)**

Dr. John Daniel Kestell is often called Father Kestell because of his special role as a field preacher during the South African War (Anglo-Boer War). He was regarded as the father of the Afrikaner people at that time. The purpose of this article is to determine what Dr. J.D. Kestell's beliefs were during the war; whether he in some way pursued peace or otherwise provided the Biblical justification for the continuation of the war. The question of justice, which weighed heavily on him, must be considered. This means, therefore, that there should not be any talk of a holy war here, but that justice must be done. It is difficult to portray justice in war, but war on civilians, like women and children, and methods of utter destruction would be regarded as injustice. The theoretical framework used in this article involves looking at both primary and secondary sources on Kestell's contribution during the war to determine what his considerations were. This is in line with the methodology of putting Kestell himself to the test, while also looking critically at his actions and views. In this way, "hero worship" is rejected, but justice is also done to the person. The findings are that Kestell was no pacifist, but that he acted from the conviction of his heart, bound to the Republican ideal and his religious beliefs. However, he did not compromise himself by participating in battles himself, but cared for citizens and English soldiers on the battlefield.

Kestell is well known in church history circles as a field preacher who provided medical aid to Boers and Britons during the South African War (1899–1902). In addition to his medical care and the impartiality thereof, he is also known for his involvement with President M.T. Steyn and General C.R. de Wet's case, as well as the case of the Republic of the Orange Free State. He is known as a *bittereinder*, who remained with the commando until the end of the war. Was Kestell a man of peace and yet also a supporter of the continuation of war? Did he want to achieve peace at all costs, or did he prolong the war with the religious justification of the fight for General De Wet and President Steyn? Was there any choice for him if he wanted to affirm justice? What does justice mean here? This article examines the following aspects of Kestell's religious beliefs in war:

- Grounding his beliefs: What determined his beliefs?
- Man of peace: Did he really pursue peace?
- Continuation of war: Was it necessary or not?
- Influence on De Wet and Steyn: Was it positive?
- The beliefs at the conclusion of peace: What was his role?
- Evaluation

Kestell identified himself completely with the Republican ideal. He was a Republican through and through and as a field preacher, lived out this ideal and constantly strived towards it (Malan 2000:IV). Therefore, he was, secondly, convinced that the cause of the Republicans was necessarily correct, and, thirdly, he wanted to commit himself to it. He therefore participated in the war in a very special way and also showed throughout that he was aware of the necessity of this struggle. As an extremely humble person, he would never want to draw fame from his participation (Nicol 1941:19); yet it is his dedication to the struggle that makes him deserving of the title Father Kestell (Hoofstad 1976:16). Kestell involved himself deeply in the religious life of the burghers, because he realised that they were a deeply religious people, and he could

therefore identify himself with them as a teacher. According to Kestell, the strength of the Afrikaner is faith in the God of Abraham, Isaac, and Jacob, the God who carried them through all adversity (Van Schoor 1992:77).

During the war, Kestell was offered the rank of combat general by President Steyn. It was a surprising offer to him that he pondered deeply. Ultimately, he decided that he could neither accept it nor actively participate in the battle by acting as a combat general. He would constantly dedicate himself to caring for civilians, and the enemy, on the battlefield (Strauss 2017). His participation in the Harrismith Commando and later in De Wet's Commando was not warlike, but peace-seeking (Van Schoor 1992:88). Kestell describes in detail the misery they experienced on commando and how they sometimes either got involved in battles in extremely difficult circumstances or had to manage to escape certain attacks while heavy artillery rained down on them (Van Schoor 1992:101). On Tuesday, 25 September 1900, they started as a horse commando, with nothing more than the bare necessities. The commando (and Kestell) often had to cope with extreme exhaustion; he describes how drowsy he was after two days and two nights on horseback and awake in the tent (Kestell 1999:111). He was constantly asked to address the men and encourage them (Kestell 1999:113). His hardships were the constant fleeing from the enemy and the difficult action (Kestell 1999:144). In addition, his abhorrence of the persecution of women and children and the indiscriminate arson and slaughter of livestock is also clear.

Like Kestell, over the centuries, many theologians have struggled with the question of whether Christians should be completely pacifist towards war. A. van de Beek (1982:77−99), professor emeritus of dogmatics at the Vrije Universiteit in the Netherlands, believes that the early Christians were indeed pacifists, to the annoyance of the Romans. They were persecuted for it. Origen believes that they were all pacifists. Van de Beek agrees with them. However, Aurelius Augustine and the Reformers, such as Zwingli and Calvin, clearly started from the position that war may be resorted to under extreme circumstances. There is, therefore, such a thing as a just war. The choice of the words *holy war* would, however, be inappropriate. Heyns (1978:72–7; 1988:186–92) also touches on this matter and mentions that the government carries the sword. Under extreme circumstances, because of sin, war may sometimes be resorted to, and Christians may participate in it when justice must be done. Kestell evidently sided with the Reformers in this regard.

When one considers the preceding facts and discussions, certain points become very clear. The first is Kestell's deep faith. The second is that he was no pacifist, even though he refused to become a combat general and always acted only with bandages and water bottles and never carried weapons. No evidence can be found that he was in any way responsible for the death of any one of the enemies, although he identified himself with the war that, in his opinion, was justified. Yet, paradoxically, he was also consistently committed to promoting peace. Furthermore, it is clear that he gave General De Wet and President Steyn a deep theological and religious basis for the continuation of the war; he was never prepared to give up the fight. The question, therefore, remains, as Mostert (c.1980) confirms: Was Kestell, the field preacher, a folk hero whose presence should be recognised in this way thanks to his bravery and courage?

One cannot think about this matter uncritically. Because of the misery, the disaster, and the utter destruction of the war, the question remains whether Kestell had a limited understanding of God in his understanding of the gospel. Should he not, as Lord Kitchener suggested, have also strived more for peace during the Middelburg negotiations? It must be emphasised immediately that Kitchener did not include the Cape rebels in this proposal. If this proposal were accepted, it would

be a betrayal of the rebels. For Steyn, this was unthinkable. At Vereeniging, they were better off. Should Kestell, as a committed Christian theologian, not have urged Steyn and De Wet to make peace for the sake of the children, women, and burghers when devastation struck the country? This remains a question that will always be open to discussion. A more instructive question is perhaps whether one can disregard the justice pursued by Kestell, Steyn, and De Wet. For these three, there was a higher concept of justice. They committed themselves to justice, yet war cannot be justified, but the law of God must also be maintained in times of war. Injustice must be fought without glorifying war. Kestell did not, therefore, justify war, but did, according to his own insight, uphold the right of the matter before God. In that connection, a deep theological issue is touched upon, namely that justice must also be done amidst the injustice of war. One must say that Kestell was a deeply convinced Christian who could not tolerate the injustice against the small republics, and that he committed himself to fighting against it.

**Keywords:** Kestell; pacifism; peace; religion; war

## 1. Inleiding

Dr. John Daniel Kestell is alombekend in kerkgeskiedeniskringe as veldprediker wat tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899–1902) mediese hulp aan Boer en Brit verleen het. Benewens sy mediese sorg en die onpartydigheid daarvan word hy ook geken aan sy bemoeienis met president M.T. Steyn en generaal C.R. de Wet se saak, sowel as die saak van die Republiek van die Oranje Vrystaat. Hy staan bekend as bittereinder wat deel was van die kommando tot aan die einde van die oorlog, ’n “sielsorger, [...] herder en leraar” (Strauss 2017:152). Was dr. J.D. Kestell ’n man van vrede en terselfdertyd ’n ondersteuner van die voortsetting van oorlog? Wou hy vrede ten alle koste verkry of het hy juis met die godsdienstige begronding van die stryd vir generaal De Wet en president Steyn die oorlog verleng? Was daar vir hom enigsins ’n keuse as hy geregtigheid wou bevestig? Geregtigheid is beskou as die reg van die gemeenskap om te kan voortbestaan en hul eie reg te bevestig. Onreg sou wees as hul eie voortbestaan verwerp word deur oorlog met vernietigende gevolge teen hulle te voer. Indien daar vroeg oorgegee sou word, sou die onreg van die oorlog nie daardeur erken word nie?

## 2. Historiografie

Hierdie artikel wil ’n historiografiese ondersoek na Kestell se oortuigings en rol gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog onderneem, vernaam ten opsigte van die godsdienstige begronding vir die oorlog. Al word Kestell breedweg hoog geëer, moet daar teen blindelingse heldeverering en lofsange gewaak word. Algehele objektiwiteit is nie moontlik nie, maar billike en gebalanseerde beoordeling kan wel nagestreef word. In hierdie verband skryf Cheng (2012:146):

> What a study of historiography shows us, then, is that all history is in a sense revisionist history, thereby challenging the widely held view that revisionist history is by definition false history. And far from detracting from its legitimacy, the revisionist character of historical writing has been a source of its dynamism and significance, as historians have repeatedly had to rethink and rework not just their understanding of specific historical events but the parameters of the discipline itself, both in response to the critical scrutiny of other historians and to the political and social currents of their time.

Breisach (1994:408) wys daarop dat die soeke na waarheid beklemtoon moet word, deur te verwys na die ontwikkeling van historiografiese metodologie deur "testing, retesting, and absorbing elements" vanuit ander dissiplines. As sulks kan hierdie metodologie dien as skans teen fantasie, verwronge vertellings, en foute as betroubare instrument om die waarheid mee na te speur. Breisach (1994:410) voer verder aan dat historici hulself met 'n reeks ingewikkelde take bemoei. Onder hierdie take word getel om 'n gepaste sosiale rol vir die geskiedenis te vind, om erkenning te bied aan 'n werklike globale geskiedenis sonder om plaaslike tradisies te erodeer of te ondermyn, om 'n balans te vind tussen die bindende chronologie van die geskiedenis en die vrye individu, en om met die rol van kreatiewe verbeelding in die historiografie vrede te maak. Daarom noem Breisach (1994:410) dat 'n nuwe benadering tot die historiografie noodsaaklik is, maar dat hierdie vooruitsig historiograwe nie wanhopig moet stem nie:

> [H]istorians should rejoice because the illusion of timelessness has faded, and they once more are called upon to perform the key role of interpretation. And the task reaffirms what the history of historiography shows so clearly: no other endeavor fits as well as history does with the peculiar needs of human beings, to whom the temporality of life allots the roles of emigrants from the past, inhabitants of the present, and immigrants into the future.

## 3. Opbou van die artikel

Enkele aspekte van Kestell se godsdiens- en politiese oortuigings in oorlog word in hierdie artikel ondersoek.

- Begronding van sy oortuigings, (godsdienstig en polities): Wat het sy oortuigings bepaal?
- Man van vrede: Het hy werklik vrede nagejaag?
- Voortsetting van oorlog: Was dit noodsaaklik of nie?
- Optrede van Kestell en invloed op De Wet en Steyn: Was dit positief?
- Rol en oortuigings by die vredesluiting
- Evaluering

### *3.1 Die begronding van Kestell se oortuigings (godsdienstig en polities)*

John Daniel Kestell is 'n belangrike figuur wat gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog as veldprediker 'n beslissende rol gespeel het in die wyse waarop godsdiens deur die Boereburgers verstaan is. Hy is op 15 Desember 1854 gebore uit 'n Setlaars- en Voortrekkerfamilie en is in die Geloftekerk in Pietermaritzburg gedoop. Van kleins af het hy troue godsdiensonderrig ontvang en was hy oortuig van die waarde van die godsdienstige lewe. Sy moeder ontval hom egter reeds op vierjarige ouderdom (Van Schoor 1999:382). Pretorius (2020:9) verwys na die invloed wat die Voortrekkers op Kestell gehad het, veral wat sy godsdienstige lewe aanbetref. As veldprediker het hy die oortuiging gehad dat hy nie aan enige oorlogstryd moet deelneem deur gewapend op te tree nie. Dikwels het hy net met 'n sakkie verbande en 'n waterbottel die gevegsterrein betree. Hoewel hy egter nie 'n rooi kruis op sy mou gedra het nie, het hy nogtans vrywillig ambulanswerk gedoen (Van Schoor 1992:76).

Kotzé en Smit (2023:62–3) hanteer die vraag rondom hoe die predikante van die gereformeerde oortuiging in die oorlog opgetree het. Dit is baie duidelik dat daar by die Britse owerhede onrus

was oor die feit dat hierdie predikante hulle vereenselwig het met die Republikeinse ideaal. ’n Brief van die Kaapse predikante wat aan Milner gestuur is, het hierdie oortuiging versterk (Kotzé en Smit 2023:62). Kestell self het hom in hierdie verband sterk uitgespreek teen die Britse optrede gedurende die oorlog. Dit was baie duidelik dat hy hom volledig aan die Republikeine se kant geskaar het. Hy het nie alleen geestelik nie, maar ook materieel bygedra tot die stryd. Hy was deur sy volledige teenwoordigheid betrokke (Kotzé en Smit 2023:63).

Die kultuur en godsdiens van die Afrikanergemeenskap van daardie tydperk was ten diepste verantwoordelik vir hul vertroue dat God hulle die oorwinning sou gee. Daarom was dit vir hulle van belang om te bevestig dat hulle ’n geregverdigde oorlog voer. Cilliers (1966:7) verduidelik hoe Kestell alles wat hy gedoen het, aangepak het in volle toewyding aan Jesus Christus wat vir die gelowige se sonde betaal het, die hare op hulle hoof getel het, en hulle bewaar, en sê dus: “En daarom sal enige studie van John Daniel Kestell noodwendig uitloop op ’n studie van die genadewerking van God in die lewe van ’n mens.” Nienaber (1946:53) skryf oor Kestell in die oorlog: “Talryke verhale word vertel van sy onverskrokkenheid op kommando, sy uithouvermoë te midde van die grootste ontberinge, sy nimmerfalende blymoedigheid en sy hulpbetoon aan gewondes ondanks die grootste gevaar.”

Dit is belangrik om te onthou dat Kestell die oorlog vanuit ’n bepaalde geloofs- en politieke oortuiging benader het. Sekere aspekte moet onmiddellik duidelik gestel word. Eerstens het Kestell hom volledig vereenselwig met die Republikeinse ideaal. Hy was deur en deur ’n Republikein en het as veldprediker hierdie ideaal uitgeleef en hom voortdurend daarvoor beywer (Malan 2000:IV). Weens sy verbintenis aan die Republikeinse ideaal was hy, tweedens, daarvan oortuig dat die saak van die Republikeine noodwendig korrek was, en, derdens, dat hy hom daarin wou verdiep. Hy het dus op ’n baie besonderse wyse deelgeneem aan die oorlog en ook deurgaans getoon dat hy bewus was van die noodsaaklikheid van hierdie stryd. As uiters nederige persoon sou hy nooit roem uit sy deelname wou put nie (Nicol 1941:19); tog is dit sy toewyding tot die stryd wat maak dat hy die benaming van Vader Kestell verdien (Hoofstad 1976:16).

Kestell het sy teologiese opleiding ontvang en die kandidaatseksamen in 1880 aan die kweekskool in Stellenbosch geslaag onder leiding van onder meer die bekwame professor Hofmeyr. Daarna vertrek hy na Utrecht waar hy die destydse erkende teoloë professore Beets en Oosterzee se lesings bywoon. Hy vind die Nederlanders egter strak en met ’n gebrek aan warm gasvryheid. Hulle preke is ook, na sy mening, bombasties en met min gevoel (Van Schoor 1992:42). Hy vind hom veel meer tuis in Londen in Desember 1880 toe hy dié stad in die reses besoek. ’n Algemeen-Calvinistiese agtergrond speel wel by hom ’n rol. Deurentyd erken Kestell God se heerskappy en voorsienigheid, maar wys hy volledige pasifisme af omdat die owerheid die swaard ten goede dra.

Cronjé (1997:3) verwys na Kestell se prediking (1882–1899) in Suid-Afrika en die betekenis daarvan vir sy teologie. Kestell preek oor die groot invloed van Sarel Cilliers en ander Voortrekkers wat hulle godsvrug betref en die wyse waarop dit in die gemeenskap neerslag vind (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein [hierna INEG] J.D. Kestell-versameling [hierna Kestell], PV 153, 3/1/1, Korrespondensie: Algemeen, 1882a; 1909 Okt. INEG Kestell PV 153, 3/2/2, Verlies van Natal, 1897).

In sy preke verleen Kestell besondere aandag aan barmhartigheid en roep gemeentes op tot diensbaarheid. Die versorging van kinders (Cronjé 1997:3) en die voorbeeld wat ouers vir hul kinders stel (INEG Kestell PV 153, 3/2/2, Opvoeding van het kind, 1894c) is in sy preke van

uiterste belang. By ’n seun se dood verwys hy na die wederkoms van Jesus; in sy prediking speel die oproep tot geloof weereens ’n kardinale rol (Cronjé 1997:9). Sy predikings beklemtoon dat Christus in geloof aangeneem moet word en dat die mens se aandeel in die redding en werk van geloof van belang is (Cronjé 1997:9−10). In sy uitsprake rakende die aktivering van geloof is professor Hofmeyr se teenwoordigheid duidelik (Cronjé 1997:11). Kestell (INEG Kestell PV 153, 3/2/2, Preek: De OT profeet het beeld van de evangeliedienaar, 1883a) lê groot klem op die openbaring van God in die Skrif en sy prediking is sterk gerig teen die sonde. God is soos ’n toring verhewe as ’n almagtige toevlug (INEG Kestell PV 153, 3/2/2, Preek: Een sterke toren, 1882c). Selfopoffering is nog ’n deurslaggewende tema in Kestell se preke, en ná die oorlog wys hy op die voorbeeld van die gestorwenes in die oorlog en ook dat Jesus die groot voorbeeld van selfopofferings was (INEG Kestell PV 153, 3/2/2, Preek: Zelfopoffering, 1903). Daar is wel ook teenstrydigheid in sy oortuigings te sien: Alhoewel hy diepgaande besorgd was oor die werklikheid van die sonde in mense se lewens, is daar aanduidings dat Kestell ook die goedheid van die mens erken (Cronjé 1997:13). Kestell bely deurgaans Jesus se unieke rol in die verlossing en dat Hy die Nasireër, maar ook van Nasaret, was (INEG Kestell PV 153, 3/2/2, Kind Nasireër God, 1894a).

As predikant aan die NG Kerk Harrismith beklemtoon Kestell menslike verantwoordelikheid en die oproep tot ’n godvrugtige lewe (Cronjé 1997:19–20). Hy verkondig dat die kroon van die lewe behaal word deur ’n godvrugtige lewe en dat dit die mens se plig is om Jesus se voorbeeld na te volg, na die swakke om te sien en nie soos Kain op te tree nie (INEG Kestell PV 153, 3/2/2, Ben ik mijne broeders hoeder?, 1882b; INEG Kestell PV 153, 3/2/2, Preek: Zalig is de man die de Verzoeking verdraagt, 1894b). Deurgaans beklemtoon hy naasteliefde, barmhartigheid, en ’n godvrugtige lewe met nadruk op die mens se aandeel daarin (Cronjé 1997:21). Verdere temas in Kestell se preke spreek tot die mens en die Voortrekker se gewete, plig teenoor die medemens, en verantwoordelikheid. Die gewete kom van God en moet nagevolg word; dit is onfeilbaar en is ’n stuurman (INEG Kestell PV 153, 3/2/2, Preek: Het geweten, 1883a). Cronjé (1997:27) is van mening dat daar uit Kestell se preke afgelei kan word dat hy binne die evangeliese tradisie van die Nederlandse Gereformeerde Kerk staan met klem op die mens se verantwoordelikheid en minder op die belydende beklemtoning op die almag van God (Cronjé 1997:27). Dit is ook die mens se verantwoordelikheid om ’n seën vir ander te wees (INEG Kestell PV 153, 3/2/2, Preek: Gezegend tot een zegen, 1883b). Wanneer hy oor die Voortrekkers praat, dui hy aan dat hulle wel treurige foute gemaak het, maar ook bydraes gelewer het tot die godsvrug van Afrikaners (INEG Kestell PV 153, 3/2/2, Verlies van Natal, 3 Desember 1897). Gedurende die oorlog preek hy ook oor die ellende van vroue en kinders en wys op die groot onreg wat aan hulle gedoen word (Kestell 1999).

Kestell self het hom diepgaande betrek by die godsdienstige lewe van die burgers, want hy het besef dat hulle ’n diep godsdienstige volk is, en dat hy homself daarom as leraar daarmee kan vereenselwig. Strauss (2017:156) skryf: “[Kestell] het tydens gevegte nie net gewondes versorg nie, maar die burgers ook bemoedig vir die stryd. Hy het saam met hulle baklei, maar op ’n ander manier. Met al die krag waaroor hy beskik – sy woorde – het hy die burgers by elke moontlike geleentheid moed ingepraat en tot volharding aangespoor” (sien ook Godfrey 1976:34; The Natal Witness 1976:1; Die Burger 2000:II; Niemand 2000:9; Cronjé 2001:19; Brown 2002:10; Die Volksblad s.j.:8). Volgens Kestell is die krag van die Afrikaner geloof in die God van Abraham, Isak en Jakob, die God wat hulle in alle benoudheid gedra het (Van Schoor 1992:77).

Alhoewel Kestell wonderbaarlike natuurbeskrywings gee gedurende die tyd op die Natalse grens, is hy onrustig oor die gevolge van die oorlog. Hy het die wondere van die natuur aanskou en hom

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3c2

daarin verlustig, maar hy was bekommerd oor sy seun, Charlie, wat toe maar 15 jaar oud was, omdat hy by die burgers wou aansluit. Vir Kestell is oorlog duidelik Satanswerk omdat dit soveel oneindige lyding veroorsaak en dus onaanvaarbaar is; tog was hy ten diepste daarby betrokke. Van Schoor (1992:116–7) verwys na Kestell se beskrywing van oorlog as onbeskaafd, waar geen reëls geld nie en wette swyg omdat elke middel geoorloof is. Dit was ’n terugkeer na die primitiewe ook vir die burgers. Kestell het egter die Suid-Afrikaanse Oorlog as ’n geloofsoorlog beskou (Pienaar 2000:8). Hier vind ’n mens iets van ’n tweestryd by Kestell: verwerping van oorlog en tog ook radikale betrokkenheid daarby; iets wat moontlik spruit uit sy Calvinistiese oortuigings, naamlik dat Calvyn oorlog slegs onder die uiterste omstandighede geregverdig het.

Kestell was oortuig van die onsigbare erfenis wat vir hulle as Christene wag en was daarom opgeruimd en moedig in sy pastorale werk; hy was egter fyngevoelig vir sonde, ook sy eie (Die Volksblad s.j.). In hulle soeke na geregtigheid was daar egter steeds ’n hoër doel. Strauss skryf (2017:160):

> In sy brief van 24 Oktober van 1899 aan die *British Nation* skryf Kestell dat die oorlog nie die Boere se vryheidsdrang sal vernietig nie. Ondanks talle terugslae en ontberings in die verlede het hulle weer opgestaan. Pogings om die Afrikaner te vernietig oortuig hom net meer dat God hom in hierdie deel van die wêreld geplaas het en dat sy voortbestaan verseker is.

Die verskeie geloofsoortuigings hierbo genoem het elk ’n beduidende rol gespeel in Kestell se teenwoordigheid as veldprediker in die stryd tussen Boer en Brit.

### *3.2 Man van vrede*

Toe Kestell sy dagboeke by Graspan verloor het, het hy probeer om herinneringe op te roep om die dagboeke weer saam te stel. Daarom kan ’n mens vra of die dagboeke altyd die volledige prent skilder en of daar nie baie van die agtergrond is wat onbetroubaar uit sy geheue kom nie. Kotzé en Smit (2023:71) verwys daarna dat hy die oorlog as heilige oorlog beskou het en dat hy in meer as een opsig vir die burgers daar was, asook vir president Steyn en generaal De Wet. Kestell se diepe godsdienstige oortuiging het daartoe gelei dat die oorlog beskou is as meer as blote oorlog, maar ook as ’n oorlog in diens van God, en daarom moet hulle tot die bitter einde volhard in hierdie oorlog. Kestell was daarom saam met die burgers tot heel aan die einde en ook sy optrede was daarop gemik om die burgers te bemoedig in hierdie stryd (Kotzé en Smit 2023:71). Kestell verloor nie sy geloof nie of bevraagteken nie vir God nie (Kotzé en Smit 2023:87).

President Steyn het daarom in groot mate op Kestell vertrou en bied vir hom veggeneraalskap tydens die oorlog aan. Dit was vir hom ’n verrassende aanbod waaroor hy diep getob het. Uiteindelik besluit hy dat hy dit nie kan aanvaar en ook nie aktief in die stryd kan deelneem deur as ’n veggeneraal op te tree nie. Die weiering lei daartoe dat Steyn bevestig dat hy in Kestell ’n generaal het wat op geestelike vlak meer werd is as baie van die ander generaals (Kotzé en Smit 2023:71). Steyn was daarom in meer as een opsig diep onder die indruk van Kestell se diepe godsdienssin. Kestell het nie alleen prediking hanteer nie, maar ook die versorging van burgers en selfs die begrafnisse van gesneweldes (Kotzé en Smit 2023:73).

Die godsdienssin het in baie opsigte van die stryd ’n geweldig sentrale rol gespeel (Kotzé en Smit 2023:92). Kestell se opbouwerk het ook na die oorlog voorgekom (Kotzé en Smit 2023:67). Hy

sou hom voortdurend daaraan toewy om burgers, maar ook die vyand, op die slagveld te versorg (Strauss 2017). Sy deelname aan die Harrismith-kommando en later aan generaal De Wet se kommando was nie oorlogsugtig nie maar wel vredesoekend (Van Schoor 1992:88).

Wanneer Kestell op die skryf van geskiedenis ingaan, is hy van mening dat geskiedenis nie misbruik mag word om emosionele opwekking mee te bring nie, maar dat dit gebruik mag word om ware kennis van die verlede op te doen (Van Schoor 1999:384). Strauss (2017:157) bevestig: "Vir hom was 'n geregverdigde oorlog – uit 'n Christelike oogpunt – ook 'n heilige oorlog. By implikasie staan God se koninkryk met sy reg teenoor die Britse Ryk met sy onreg, en laasgenoemde gaan verby. Is die Boer se saak reg of staan hy aan die kant van die reg?" Tog is een man se soeke na vrede nie voldoende om 'n tierende oorlog koud te lê nie, en het die konflik bly voortduur.

### *3.3 Voortsetting van oorlog*

In sy eie verslag van die oorlog met die Boerekommando's skryf Kestell breedvoerig oor hoe hy by die Harrismith-kommando en later by De Wet se ruiterkommando's betrokke was. Hy beskryf hoe hy reeds aan die begin van die oorlog, op Sondag 26 November 1899, die kommando's by Platrand besoek het en godsdiens gehou het. Hy skryf daarom: "Ek het daarin geslaag om hulle toe te spreek en as teks die opbeurende woorde van Paulus geneem: 'Daarom, hou moed, manne, want ek vertrou op God dat dit so sal wees, soos aan my gesê is'" (Kestell 1999:33). Die gruwels van die oorlog word dikwels in sy skryfwerk gekontrasteer met die wonderlike natuur van die Drakensberge, en hy skryf oor sy bewustheid van God om hom in hierdie omgewing (Kestell 1999:37):

> In sulke oomblikke het ek vergeet dat dit oorlog was. Ek het nie die angswekkende geluide van die oorlog gehoor nie – ontploffende bomme en fluitende koeëls. Dit was die stem van God wat ek in die suising van die sagte stilte gehoor het.
>
> Kan ek dié aande vergeet? Ek sien hulle nog. Ek tuur nog in die verre weste en sien God steeds in die wonderlike gesig; God die Onnaspeurlike, die Ondeurgrondelike. Ek sien hoe hy elke aand 'n nuwe skildery op die berge en die wolke verf; hoe Hy dit nou nog doen en altyd sal doen. Dan is die gedagte vir my oorweldigend hoe God hom in die wondere van die geheel openbaar, hoe dit – in die woorde van Jesaja – maar net die some van sy kleed is wat ons op die berge en in die wolke sien – slegs die some en dit vul, ja vul, die tempel.

Tog beskryf hy ook die rampe wat die kommando's moes oorkom (Van Schoor 1992:89) en sê hoe dit hom diep geraak en 'n bitter smaak in die mond gelaat het. Toe hy bewus word van die Engelse se optrede, het hy hulle ten sterkste verkwalik (Venter 1982:7). As veldprediker by president Steyn en generaal De Wet het hy deurgaans met bidure en ander godsdiensoefeninge leiding geneem in die stryd. Hy was besonder geheg aan sy seun, Charlie, wat later saam met hom opgetree het en wat saam met hom deel was van die stryd. Hul saamwees het vir hom besonderse betekenis gehad (Van Schoor 1992:92).

Hy het soms na Harrismith teruggekeer en preke gelewer wat met giftige taal ingeklee was, wat *The Harrismith News* as politieke toesprake beskou het (Van Schoor 1992:94). Kestell is deur sommiges as 'n fanatikus beskryf omdat hy die Britte sterk veroordeel het vir hul diep onchristelike optrede. Die konsentrasiekampe, asook die feit dat Britse soldate op vroue en

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3c2

kinders gevuur het, het hom diep gegrief (Malan 2000:V; The Daily News 1976:4). Sy kritici het nie besef dat hy noodwendig die regsaak volhou nie. Dit was wel sy solidariteit met die Boere wat hom ’n ereplek aan Steyn en De Wet se tafels verseker het.

### *3.4 Optrede van Kestell en invloed op De Wet en Steyn*

Kestell het ook die teologiese grondslag dat oorlog wel geregverdig is wanneer dit die voortbestaan van die gemeenskap bevestig en die reg voor God gesoek word. Hy het die begronding aan president Steyn en generaal de Wet verskaf vir die voortdurende voortsetting van die oorlog. Beide is belangrike kwessies wat verdere aandag vereis. Dit is moontlik dat Kestell, deur dié godsdienstige oortuigings en die grondslag daarvan aan Steyn en De Wet te verskaf, hierdie leiers bemagtig het om met die oorlog voort te gaan. Indien wel, ontstaan die vraagstuk of Steyn en De Wet altyd tot heil van die Republikeine en van die republieke gedien het. Toe Steyn self nie meer aktief aan die stryd kon deelneem nie, het Kestell dié president heel aan die einde bemoedig deur vir hom te sê dat hy (Steyn) soos ’n gewonde aan sy perd vasgebind kan word en dan daardeur nog die stryd kan voortsit. Hierdie stelling kan straks as ’n aanmoediging vir die voortsetting van die oorlog geïnterpreteer word (Cilliers 1966:10). Daarom kan ’n mens aanvoer dat Kestell se godsdiensoortuigings gebruik is om die voortsetting van die oorlog te regverdig. Dié geloofsregverdiging verduidelik ook tot ’n mate Steyn se onversetlike houding, selfs tot by die vredesluiting van Vereeniging en Pretoria, en laat ’n mens opnuut vra of Kestell se oortuigings werklik ’n soeke na vrede was.

Kestell was nie betrokke by generaal De Wet se inval van die Kaapkolonie nie en het eers later daarvan verslag gedoen. In sy skrywes tree hy deurentyd met die Engelse in gesprek. Alhoewel daar maar min Boere is, sê Kestell, het die Engelse held Wellington self gesê “dat ’n volk die reg het om elke middel te gebruik om die vyand wat sy land inval te bestry” (Van Schoor 1992:103). President Steyn is voortdurend deur Kestell ondersteun en moed ingepraat vir die stryd, terwyl Kestell ook benadruk het dat die president die stryd moet voortsit (Van Schoor 1992:105). Uit al sy skrywes blyk dit dat hy deurgaans ’n vaste vertroue in God gehad het. Danksegging en gebed was deel van sy lewe (Van Schoor 1992:111).

Kestell het ’n sterk begeerte gehad om president Steyn geestelik by te staan, al was Steyn se geloof in die Here moontlik nog sterker as syne (Van Schoor 1992:113). Hy wou elkeen in die stryd, ook diegene wat wankel, bystaan sodat hulle nie moedeloos sou word nie en aan die Woord van God sou vasgryp. Tog was daar vir homself ook tye van moedeloosheid. Die groot hartseer in sy lewe, wat diepgaande invloed op sy verhouding met God en met die gemeenskap gehad het, was die dood van sy seun, Charlie, as krygsgevangene. Hy was ontsteld wanneer die burgers nie volgens sy oortuigings opgetree het nie en soms stropery toegepas het; hy het hom geheel en al daarteen verset (Kestell 1999:101). Die ellende wat gevolg het op Marthinus Prinsloo se oorgawe in die Brandwaterkom was verwoestend.

Die ellende wat hulle op kommando beleef het en hoe hulle soms in uiters moeilike omstandighede óf by gevegte betrokke geraak het, óf daarin moes slaag om sekere aanvalle te ontglip terwyl die hewige kartetse op hulle gereën het, beskryf Kestell breedvoerig (Van Schoor 1992:101). Op Dinsdag 25 September 1900 het hulle as perdekommando begin met niks meer as die allernoodsaaklikste – kos, kleding en ’n klein jassie of tentjie – in hul besit nie. Die kommando (en Kestell) moes dikwels met uitermatige uitputting saamleef; hy beskryf hoe lomerig hy was ná twee dae en twee nagte aanmekaar op die perd en wakker in die tent (Kestell 1999:111). Hy is voortdurend gevra om die manskappe toe te spreek en hulle te bemoedig

(Kestell 1999:113). Sy ontberinge was die voortdurende vlug voor die vyand en die moeilike optrede (Kestell 1999:144). Daarby is sy weersin in die vervolging van vroue en kinders, die onoordeelkundige brandstigting, en slagting van vee ook duidelik. Deurentyd het president Steyn se volharding egter vir hom vasgestaan, en so lank die regering bestaan het, was daar vir Kestell geen oortuiging om tou op te gooi nie (Kestell 1999:92; Van Bart 2000:1).

### *3.5 Rol en oortuigings by die vredesluiting*

Die Transvaalse burgers het weldra moed verloor, maar die vasberadenheid van die Vrystaatse burgers onder die leiding van Steyn en De Wet het Kestell besiel. Hy het steeds beklemtoon hoe groot en kragtig die toewyding aan die Here is, ook op 10 Mei 1901, toe hy gehoor het dat die Transvaalse regering die wil uitgespreek het om vrede te sluit. Hy beskryf wel sy weersin in Piet de Wet se optrede (Kestell 1999:200–201) en hoe die verraaiers deur ander Boere geminag is, nadat hy ook beskryf het hoe verraaiers geskiet is. Hy skryf byvoorbeeld:

> Ook het die groot beginsel van die Christendom vir my duideliker as ooit tevore geword, naamlik dat om die lewe te wen, ’n mens die lewe moet verloor. Van daardie aand af het ek tot aan die einde van die oorlog op my ponie met ’n paar komberse wat ek die volgende dag ontvang het, en op die rug van die geleide perd vasgebind is, gery. Ek was onbesorg. (Kestell 1999:234)

Kestell en Van Velden (1909) vertel hoe daar uiteindelik tot vrede oorgegaan is, en watter spanning dié oorgang veroorsaak het. Diepe onsekerheid het geheers onder die afgevaardigdes wat hul onafhanklikheid steeds wou behou en geensins wou prysgee nie (Kestell 1999:278).

Daar was wel dié, soos De Wet, wat die oorlog wou voortsit. Vele het hul verwyt hieroor uitgespreek deur te sê dat diésdenkendes hul blind hou vir die tragiese gebeure en feite van die afgelope oorlog. De Wet het egter aangedui dat dit ’n geloofsoorlog was. Dit was De Wet se optrede by die vergadering wat deur Kestell ook ondersteun is. Tydens die onderhandelinge is godsdiensgeleenthede en ’n diens in die groot tent gehou (Kestell 1999:280). Kestell het hulle toegespreek met die woorde van Paulus: “Want ek sou self kon wens om ter wille van my broers, my stamgenote na die vlees, ’n vervloeking te wees, wég van Christus af.”

Kestell (1999:280) skryf: “So het die volk tot op die laaste getrou gebly aan die gees wat sedert en voor die dae van Sarel Cilliers die Afrikaanse volk besiel het. Die God van die vadere is nie vergeet nie. Die nageslag sê ook van dié Here: God is ’n toevlug en sterkte.” Dit is dus duidelik dat hy deurgaans ’n diepe godsdienstige oortuiging gehad het, en hom daaraan verbind het. Hy beskryf die somber uitdrukking op die gesigte na die vredesluiting, en dan sê hy (Kestell 1999:303):

> Ek sien op hulle gesigte iets onbeskryfliks grafeer wat vra: “Is dit die bitter einde van ons lyding en stryd, van ons geloof op en sterk geroep tot God?” Generaal De la Rey het die vorige dag op die vergadering uitgeroep: U praat van geloof. Wat is geloof? Here U wil, nie my wil nie geskied. Ek vernietig my ooreenkomstig Gods wil.

**4. Pasifisme of regverdige oorlog?**

Soos Kestell het vele teoloë deur die eeue geworstel met die vraag of die Christen volledig pasifisties teenoor oorlog moet staan. A. Van de Beek (1982:77–99), emeritus hoogleraar in dogmatiek aan die Vrije Universiteit in Nederland, is van mening dat die vroeë Christene wel pasifiste was, tot die Romeine se ergernis. Hulle is daarvoor vervolg. Origines meen dat hulle almal pasifiste was. Van de Beek skaar hom by hulle. Augustinus en die Hervormers, soos Zwingli en Calvyn, het egter duidelik vanaf die standpunt uitgegaan dat daar onder uiterste omstandighede tot oorlog oorgegaan mag word. Daar ís dus iets soos ’n regverdige oorlog. Die woordkeuse "heilige oorlog" sou egter onvanpas wees.

Aurelius Augustinus (1871:316–7) skryf:

> Whoever gives even moderate attention to human affairs and to our common nature, will recognise that if there is no man who does not wish to be joyful, neither is there any one who does not wish to have peace. For even they who make war desire nothing but victory, – desire, that is to say, to attain to peace with glory. For what else is victory than the conquest of those who resist us? and when this is done there is peace. It is therefore with the desire for peace that wars are waged, even by those who take pleasure in exercising their warlike nature in command and battle. And hence it is obvious that peace is the end sought for by war. For every man seeks peace by waging war, but no man seeks war by making peace. For even they who intentionally interrupt the peace in which they are living have no hatred of peace, but only wish it changed into a peace that suits them better. They do not, therefore, wish to have no peace, but only one more to their mind.

Augustinus was daarvan oortuig dat dit wel die roeping van die gelowige is om vrede te verdedig en onreg teen te gaan, dus het hy gesagsvolle verdediging onder sekere omstandighede as noodsaaklik beskou.

Heyns (1978:72–7; 1988:186–92) raak ook hierdie saak aan en noem dat die owerheid die swaard dra. Onder uiterste omstandighede, vanweë die sonde, mag daar soms tot oorlog oorgegaan word en mag Christene daaraan deelneem wanneer geregtigheid moet geskied. Heyns (1988:190) skryf ten opsigte van die pasifisme:

> Hier word nie genoegsaam erns gemaak met die gevolge van die sonde nie. Die aanwesigheid van die koninkryk van God wat reeds aangebreek het, impliseer volgens die Skrif vir geen oomblik dat die gevolge van die sonde nie nog steeds ’n werklikheid is waarmee die burgers van die koninkryk nie wel deeglik moet rekening hou nie. Ons het vroeër duidelik aangetoon dat die staat die swaardmag ontvang het deur middel waarvan reg en geregtigheid, orde en rus, welsyn en vrede vir al die burgers verseker moet word.

Kestell het hom kennelik in dié opsig by die Hervormers geskaar.

## 5. Evaluering

Die diepe geloofsoortuiging en -sin wat daar gedurende die oorlog se optrede in sommige predikante was, was ook duidelik by Kestell, wat die geestelike bearbeiding van die burgers ten sterkste beklemtoon het (Kotzé en Smit 2023:71). Daarom was dit baie duidelik dat sommige van die predikante wat in die kampe in die oorlog opgetree het, verantwoordelik was vir die versorging van die burgers en ook van die vroue en kinders. Hulle het omgesien na hul geestelike en materiële behoeftes, was daar om hulle te versterk en te bemoedig, het omgesien het na hul behoeftes ten opsigte van hul godsdiensbeoefening, het saam dienste gehou en hulle so ook bemoedig, en het hul voortdurend beywer om hulle te versterk en ondersteun. Hierdie sentrale rol wat hulle gespeel het, het uiteindelik daartoe gelei dat hulle diepgaande invloed uitgeoefen het (Kotzé en Smit 2023:92).

Kotzé en Smit (2023:92–3) skryf daarom:

> In all spheres of the war, DRC ministers were dedicated to address both the spiritual and material welfare of their congregants. In summary, depending on the situation, they alleviated suffering (both mental and spiritual); and provided succour to the sick and wounded. If called upon, they became ambulance runners and where necessary "waterboys". As vociferous republican advocates, they motivated the fighting burghers or Boer prisoners with their uplifting sermons and their words of encouragement. They organised daily prayer meetings, Sunday services, prayed with the sick and needy, buried the dead and led the funerary services.

Wanneer ’n mens die voorafgaande feite en besprekings in ag neem, word sekere sake baie duidelik. Die eerste is Kestell se diep geloofsvertroue. Die tweede is dat hy geen pasifis was nie, al het hy geweier om veggeneraal te word en deurgaans alleen maar met verbande en waterbottels opgetree en nooit wapens gedra nie, sodat daar geen bewys gevind kan word dat hy enigsins verantwoordelik was vir die dood van die vyand nie. Nogtans het hy hom wel vereenselwig met die oorlogstryd wat, na sy mening, geregverdig was. Tog het hy hom teenstrydiglik ook deurgaans daaraan toegewy om vrede te bevorder. Verder is dit duidelik dat hy vir generaal De Wet en president Steyn ’n diep teologiese en godsdienstige grondslag vir die voortsetting van die oorlog gegee het; hy was op geen tyd bereid om die stryd prys te gee nie. Die vraag bly dus staan, soos Mostert (c.1980) beaam: Was Kestell, die veldprediker, ’n volksheld wie se teenwoordigheid só erken moet word te danke aan sy dapperheid en moed? Strauss skryf (2017:168):

> Die feit dat Kestell nie gevegswapens gedra of aktief aan gevegte deelgeneem het nie en die aanbod van president Steyn om ’n generaal te word, bedank het, dui daarop dat hy as veldprediker by sy voorneme gebly het om sy mense geestelik te bearbei en te versterk. Hy erken natuurlik dat hy die saak van die Boererepublieke vanuit sy Christelike oortuigings gesteun en dat dit in sy geestelike werk meegespeel het. Hy het die burgers telkens bemoedig om te volhard in hulle – uit sy godsdienstige oogpunt – "heilige oorlog".

’n Mens kan egter nie onkrities en ongenuanseerd oor hierdie saak dink nie. Vanweë die ellende, die rampspoed, en die volslae vernietiging van die oorlog is die vraag of Kestell in sy verstaan van die evangelie nie ’n beperkte Godsbegrip gehad het nie. Moes hy hom nie, soos Lord Kitchener voorgestel het, ook tydens die Middelburg-onderhandelinge en latere geleenthede meer beywer het vir vrede nie (sien The Daily News 1976; The Natal Witness 1976)? Dit moet dadelik benadruk word dat Kitchener nié met hierdie voorstel die Kaapse rebelle ingesluit het nie. Is hierdie voorstel aanvaar, sou dit verraad teenoor die rebelle wees. Vir Steyn was dit ondenkbaar. By Vereeniging is beter vir hulle beding.

Moes Kestell as teoloog nie vroeër by Steyn en De Wet daarop aangedring het om vrede te sluit ter wille van die kinders, vroue, en burgers toe verwoesting die land getref het nie? Dit bly ’n vraag wat altyd oop sal wees vir bespreking. ’n Meer leersame vraag is moontlik of ’n mens die geregtigheid wat deur Kestell, Steyn en De Wet nagejaag is, kan misken. Vir hierdie drie was daar ’n hoër begrip van geregtigheid. Hulle het hulle aan die geregtigheid verbind. Tog kan oorlog nie geregverdig word nie, maar die reg van God moet ook in oorlogstye gehandhaaf word. Die onreg moet bestry word sonder om oorlog te verheerlik. Kestell het dus nie oorlog regverdig nie, maar het wel, volgens sy eie insig, die reg van die saak voor God beklemtoon. In daardie verband word ’n diep teologiese saak aangeraak, naamlik dat geregtigheid moet geskied ook te midde van die onreg van oorlog. Indien die Boere op ’n bepaalde vroeë stadium sou oorgee, sou dit die einde van hul soeke na die geregtigheid wees, en sou hulle, na hulle verstaan, daarmee vir God verloën. Nie net hulle nie, maar ook die volk, sou verlore gaan. ’n Mens moet dus begrip hê vir die feit dat Kestell hom daaraan verbind het om die godsdienstige grondslag van die voortsetting van die oorlog te gee. Ons moet sê dat Kestell ’n diep oortuigde Christen was wat geensins die onreg teen die klein republieke kon verdra nie, en dat hy hom daartoe verbind het om daarteen te stry.

**Bibliografie**

Aurelius Augustinus. 1871. Volume II: The city of God. In Dods (red.) 1934.

Breisach, E. 1994. *Historiography: Ancient, medieval, and modern*. 3de uitgawe. Chicago: University of Chicago Press.

Brown, W.E. 2002. *Die Kerkbode*, 168(2):10.

Cheng, E.K-M. 2012. *Historiography: An introductory guide*. Londen: Continuum.

Cilliers, S. 1966. ’n Vader van ons volk: John Daniel Kestell 25 jaar oorlede. *Die Naweekpos*.

Cronjé, A.P. 1997. Die teologie van Ds John Daniel Kestell tussen 1882 en 1899. Ongepubliseerde BTh-skripsie, Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein.

Cronjé. H. 2001. Dade uit liefde praat duideliker as baie woorde. *Rapport*, 14 Januarie, bl. 19.

Die Burger. 2000. Beskawings verval as kreatiewes gekeer word. 8 April.

Die Volksblad. s.j. Dag na dood. 10 Februarie.

Dods, M. (red.). 1934. *The works of Aurelius Augustine, Bishop of Hippo: A new translation*. Edinburg: T & T Clark.

Godfrey, D. 1976. Resensie: An authoritative Afrikaner view of the Anglo-Boer War. *The Star*, 12 Oktober, bl. 34.

Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

—. 1988. *Theologies etiek deel 2/2, sosiale etiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Hoofstad. 1976. Vader Kestell het beslis dié benaming verdien. 22 Desember.

Kestell, J.D. 1999. *Met die Boerekommando's*. Vertaal deur D.P.M. Botes. Menlopark: Protea Boekhuis.

Kestell, J.D. en D.E. van Velden. 1909. *De Vredesonderhandelingen tusschen de regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche republieken en de verteenwoordigers der Britsche Regeering, welke uitliepen op den vreden, op 31 Mei 1902 te Vereeniging gesloten*. Pretoria, Amsterdam: J.H. de Bussy.

Kotzé, E. en L. Smit. 2023. "Bearded men singing psalms": The work of DRC ministers as support services during the South African War (1899–1902). *Historia*, 68(2):61–95.

Nicol, W. 1941. Oor so 'n man sal ons roem. *Die Brandwag*, 7 Maart, bl. 19.

Nienaber, P.J. 1946. *Dr. J.D. Kestell: Vader van die reddingsdaad*. Bloemfontein: Nasionale Pers.

Strauss, P. 2017. JD Kestell as veldprediker 1899–1902. *New Contree*, 79(18):151–68. http://dx.doi.org/10.4102/nc.v79i0.92.

The Daily News. 1976. Boer Chaplain's war memoirs. Resensie van *Through shot and flame* (J.D. Kestell). 8 Oktober, bl. 4.

The Natal Witness. 1976. Chaplain served both sides. Resensie van *Through shot and flame* (J.D. Kestell). 29 Oktober, bl. 1.

Van de Beek, A. 2020. *God lééft: Over moeilijke teksten uit de Bijbel*. Utrecht: Kok.

Van Schoor, M.C.E. 1992. *John Daniel Kestell 1854–1941: Outobiografies beskryf*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.

—. 1999. John Daniel Kestell as historikus. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 39(3):382–403.

**Argivale bronne**

***Argief vir Eietydse Aangeleenthede, Universiteit van die Vrystaat (AREA)***

*Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein (INEG)*
*Kestell-versameling (Kestell)*

INEG Kestell. PV 153, 3/1/1. Korrespondensie: Algemeen, Februarie 1882.

INEG Kestell. PV 153, 3/2/2. Ben ik mijne broeders hoeder?, 1882b.

INEG Kestell. PV 153, 3/2/2. Preek: Een sterke toren, 1882c.

INEG Kestell. PV 153, 3/2/2. Preek: De OT Profeet het beeld van de ervangeliedienaar, 1883a.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3c2

INEG Kestell PV 153, 3/2/2. Preek: Het geweten, 1883a.

INEG Kestell. PV 153, 3/2/2. Preek: Gezegend tot een zegen, 1883b.

INEG Kestell. PV 153, 3/2/2. Kind Nasireër God, 1894a.

INEG Kestell. PV 153, 3/2/2. Preek: Zalig is de man die de verzoeking verdraagt, 1894b.

INEG Kestell. PV 153, 3/2/2. Opvoeding van het kind, 1894c.

INEG Kestell. PV 153, 3/2/2. Verlies van Natal, 3 Desember 1897.

INEG Kestell. PV 153, 3/1/1 INEG Kestell PV 153, 3/2/2. Preek: Zelfopoffering, 1903.

***Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN)***

Malan, H. 2000. Veldprediker John Daniel Kestell was "vader van sy volk". *Die Burger*, 26 Augustus, ble. IV–V.

Mostert, J.S.A. circa 1980. *JD Kestell: Vrystaatse veldprediker in die Tweede Vryheidsoorlog 1899–1902*. Universiteit Stellenbosch.

Nieman, N. 2000. Vader Kestell het sterkste wapen behou: Woord van God het hom bemoedig. *Die Volksblad*, 14 Februarie, bl. 9.

Pienaar, L. 2000. "Geloofsoorlog" aangrypend beskryf. *Die Volksblad*, 6 Maart, bl. 8.

Pretorius, F. 2020. Vader Kestell: 'n Man van sy tyd, vir sy mense. *Terugblik V*, 7 Oktober, bl. 9. NALN aanwins 2020K 1786.

Van Bart, M. 2000. Oorlogsjournaal van Kestell in Afrikaans. *Die Burger*, 26 Augustus, bl. 1.

Venter, A. 1982. Resensie van *Die Vredesonderhandelinge*. Kestell J.D. en Van Velden D.E. In Afrikaans vertaal deur F.J. le Roux in oorleg met D.J. van Zyl. *Hoofstad*, 15:7.